Komsaam op reis in 2012

☎ 012 548 1245
086 535 4797
www.magalieskruin.com
magaliesond@telkomsa.net

Vandeesweek se Gemeenteprogram

19 Februarie 2012

EREDIENSTE 19 FEBRUARIE 2012 – 26 FEBRUARIE 2012		
DATUM	**TYD**	**LERAAR**
19 Februarie 2012 ***Eerste Lydensweek***	**08:00 –** Oggenddiens in die Kerk	Ds. Alkmaar Swart **Skriflesing:** Matt. 8:18-27 *Die vraag is nie of Jesus, maar of ons, in die skuit aan boord is*
	09:30 – Gesinsdiens in die Kerk	Ds. Johan Olivier **Skriflesing:** Romeine 8:31-39 **Tema:** *Heiligmaking: rede vir aanbidding*
	09:30 – Oggenddiens in die Saal	Ds. Alkmaar Swart
	17:45 – Aanddiens in die Kerk	Prop. Corné Bootha
26 Februarie 2012 ***Tweede Lydensweek***	**08:00 –** Oggenddiens in die Kerk ***Bevestiging van kerkraadslede***	Ds. Alkmaar Swart
	09:30 – Gesinsdiens in die Kerk	Ds. Thomas Verbeek
	09:30 – Oggenddiens in die Saal	Ds. Alkmaar Swart
	17:45 – Aanddiens in die Kerk	Prop. Corné Bootha

GROEIGROEPE 19 FEBRUARIE 2012		
DATUM	**TYD**	**LOKAAL**
19 Februarie 2012	**08:15 –** Kinder EE (Gr. 6)	Jeugsaal
	08:30 – Cool Kids (Gr. 4 + Gr. 5)	Jeugsaal
	09:30 – Kleuterkerk (3 j. – Gr. 00)	Kleuterlokaal
	09:30 – Kinderkerk (Gr. 0 – Gr. 3)	Jeugsaal
	18:45 – Groeigroepe (Gr. 7 – 11)	Verskillende lokale

NUWE INTREKKERS

Baie welkom in die gemeente. Vir u gerief kan u die kerkkantoor kontak of Sondae tussen **09:00** en **09:30** en ná die gesinsdiens tot om **10:45** by die navraetoonbank in die voorportaal u besonderhede deurgee en inligting aangaande gemeente-aktwiteite bekom. Dankofferkoeverte, vorms vir nuwe lidmate en debietorderopdragte is ook by die inligtingstoonbanke by die deure in blou lêers beskikbaar. U kan ook die inligting op die kerk se webblad (www.magalieskruin.com) kry.

PROGRAM HIERDIE WEEK			
DATUM	**TYD**	**AKTIWITEIT**	**KONTAK**
Di. 21	09:30	Silwerblare Vriendekring (Par. 3)	Dottie Botha - 012-548-0863/083-458-8154
Di. 21	19:00	Gebedsgroep vir uitreike (Par. 20)	Annette van Niekerk - 012-548-1732 074-103-2049
Wo. 22	14:00	Vaardigheidsbediening (Par. 21)	Martie Roome – 083-412-8194
Do. 23	10:30	Hospitaal Ondersteuningsgroep (Par. 14)	Ds. Johan Olivier - 082-979-6552
Vr. 24		Weskoppies Uitreik (Par. 21)	Vera Richards – 082-530-0954
Sa. 25	06:00	Gebedsgeleentheid (Par. 15)	Ds. Johan Olivier - 082-979-6552
Sa. 25	09:00	Huweliksvoorbereiding (Par. 11)	Ds. Louis Lemmer – 012-567-5580
Sa. 25	09:00	Sonop Uitreik (Par. 22)	Johnny Greyvenstein - 084-581-9522

VERGADERINGS

1. **KOMMISSIE VIR FONDSE** – Die vergadering wat op 7 Februarie 2012 sou plaasvind, is verskuif na **23 Februarie 2012** om **18:00** in die Jeugsaal. Agendas sal per e-pos gestuur word.

2. **KOMMISSIE VIR EIENDOMME** – **20 Februarie 2012** om **19:00** in die kerkkantoor. Agenda is per e-pos gestuur.

SILWERBLARE

3. **SILWERBLARE VRIENDEKRING** – Die eerste byeenkoms van die Silwerblare vind op **21 Februarie 2012** om **09:30** by Ararat plaas. Dit neem die vorm van 'n **Bring-en-Braai** aan en daar sal ook 'n kort program wees. Alle senior lidmate is baie welkom om hierdie geleentheid te kom geniet. Slegs u vleis en eetgerei moet saamgebring word. Die komitee sal vir die res sorg. Daar sal ook vrywillige braaiers beskikbaar wees indien hulle benodig word. Ons sien uit na u teenwoordigheid! Kontak Dottie Botha (012-548-0863/083-458-8154).

VROUE

4. **NERINA OGGENDGROEP** – Ons kom op Dinsdag **28 Februarie** 2012 om **09:30** bymekaar in die Jeugsaal. René Ruyssenaers kom met ons praat oor sendingwerk. Kontak Frieda Collen (072-519-8477) of Heidi Pretorius (072-683-9300).

KLEINGROEPE

5. **TEESKINKBEURTE 2012** – Die nuwe teeskinkbeurte vir 2012 vir die verskillende groepe is opgesit by al die kennisgewingsborde en by die navraetoonbank. Indien u dit per e-pos verlang, of enige probleme rakende dit het, kontak Susan Mouton (012-548-1245) gedurende kantoorure in die week of per e-pos by magaliesbedien@telkomsa.net.

JONG VOLWASSENES

6. **NASKOOLSE JEUG EN BELYDENISKLAS 2012 (MATRIEKS)** – Kom gesels en groei saam! Ons is saam op reis in 2012 en het elkeen van julle nodig. Ds. Johan Olivier en ds. Louis Lemmer nooi julle uit na 'n lekker geleentheid elke Sondagaand na die aanddiens in die konsistorie. Kontak ds. Johan Olivier (082-979-6552).

KARNAVAL 2012

7. **VOORSTELLE VIR TEMA** – Ons beoog om van Karnaval 2012 hierdie jaar regtig iets nuuts en vol pret te maak vir ieder en elk. Ons is oop vir enige voorstelle. Vul gerus 'n "praat met ons" kaartjie in of kontak die karnavalvoorsitter, Gerhard Mulder (082-961-8792 of per e-pos wgmulder@mweb.co.za). Ons benodig ook entoesiastiese vrywilligers wat graag wil help as stalletjieleiers/leidsters. Kontak Susan Mouton (012-548-1245).

ALMAL

8. **FEBRUARIE IS GBO-MAAND** – Ons gemeente se barmhartigheid- en uitreikaksies is omvattend. Agter op ons kalender is meer inligting oor ons betrokkenheid. Ondersteun asseblief hierdie aksies deur u GBO-bydraes. Koeverte word vanoggend by die deure uitgedeel. Inbetalings kan ook elektronies gedoen word. Die verwysing is dan GBO.

9. **"PRAAT MET ONS"- KAARTJIES** – By al die inligtingstoonbanke sowel as die navraetoonbank is 'n aantal kaartjies en potlode. Vul dit gerus in en plaas in die houers by die hoofingang, navraetoonbank en in die kerksaal. Ons hoor graag van u! Kontak Susan Mouton per e-pos by magaliesbedien@telkomsa.net of skakel 012-548-1245.

10. **OPSPORING VAN LIDMATE** – Die volgende persone se attestate is deur die kerkkantoor ontvang, maar geen kontakbesonderhede (woonadres, telefoonnommer, ens.) is ontvang nie. Kontak asseblief vir Dot Olivier (012-548-1245) by die kerkkantoor of stuur 'n e-pos (magaliesadmin@telkomsa.net):
Stephanus Johannes Theron; Adele Putter (nou Theron); dooplidmaat Michean Theron; Tersia Viljoen; Linda Coetzee; Elsa Susan Oosthuysen; Elmien du Plessis; Felix Heinrich Niemann; Shirley Lizamore.

11. **HUWELIKSVOORBEREIDING** – Huweliksvoorbereiding vir alle pare wat tot en met Mei gaan trou, vind plaas op **18 en 25 Februarie 2012** om **09:00-12:30** in die Jeugsaal. Pare moet beide geleenthede bywoon. Bywoning is gratis. Bespreek nou julle plek by die kerkkantoor (012-548-1245).

12. **GEBEDSKRUIK** – Is daar 'n behoefte diep in u hart om vir medegelowiges te vra om saam met u te bid? Miskien is dit iets persoonliks, miskien raak dit u familie of is dit sommer net een of ander las wat u dra wat vir u alleen net te veel geword het. Skryf u gebedsversoeke op 'n stukkie papier en gooi dit in ons gebedskruik, voor in die kerk op die nagmaaltafel, en medegelowiges gaan vir u bid. Net een versoek – indien daar antwoord op u gebedsversoek aan die Here gekom het, gee dit asseblief deur en plaas dit ook in die gebedskruik. Kontak ds. Johan Olivier (082-979-6552).

13. **JOERNALE VIR GEBRUIK SAAM MET BYBELTEMA** – Joernale wat vir hierdie jaar se Bybeltema gebruik gaan word, is teen R10 by die navraetoonbank of kerkkantoor beskikbaar.

14. **HOSPITAALVRYWILLIGERS- EN ONDERSTEUNINGSGROEP** – Wil u graag betrokke wees by siekes en verswaktes? U weet nie hoe nie? Hoe moet mense ondersteun word wat iemand aan die dood afgestaan het? Ons begin weer op Donderdag **23 Februarie 2012** om **10:30** in die konsistorie. Kontak ds. Johan Olivier (082-979-6552).

15. **GEBEDSGELEENTHEID** - Ons kom op **25 Februarie 2012 om 06:00** in die Jeugsaal bymekaar. Almal baie welkom. Kontak ds. Johan Olivier (082-979-6552).

16. **GEOPENDE DEURE – VYF SENT PROJEK** – Wie dink munte is minderwaardig? Die mooi bedrag van R22093 is reeds aan Geopende Deure oorbetaal vir die aankoop van Bybels vir kinders in die Godsdiens-vervolgde lande. U word uitgenooi om deel van hierdie projek te word. Munte asook donasies kan by die kerkkantoor ingehandig word. Kontak Dottie Botha (012-548-0863/083-458-8154).

17. **SIEKES EN BEPROEFDES** – U word hartlik uitgenooi om die kerkkantoor (012-548-1245), u blokleraar of u wyksouderling te kontak indien u of u familielede gehospitaliseer word. **Ons sal dit ook baie waardeer as ons ook in kennis gestel word van siekes op die lys wat herstel het.**

Siek persone van wie ons weet:

Coetzee, Gwenda	Myburgh, Rina
Deetlefs, Henk	Nel, Drika
Dohse, Ria & Carel	Schoonraad, Theo & Tina
Eagar, Barbara	Schwarz, Jan
Goussard, Anna	Pettit, Robbie
Gräbe, Leonora	Van Niekerk, Tiny
Mulder, Willie	Van Wyk, Dirk & Dot

BARMHARTIGHEID

18. **ARARAT BEDIENING** – Baie dankie aan almal wat middele geskenk het – dit help baie! Die volgende items word nog benodig vir behoeftige mense:

- Skoene!!! Mans, dames en kinderskoene
- Rugsakke, handdoeke, bababenodigdhede soos babamelk, doeke, sjampoe, salf ens.
- Ou selfone
- Inkopiesakke (Checkers/Pick n Pay/Spar)
- 2 x wendyhuise of karavaan vir gesin van 4 wat uit hul blyplek gesit is; en Danville-projek
- Skenking vir 'n bril vir behoeftige man
- 1 x yskas (in werkende toestand)
- 'n bergfiets/fiets as vervoermiddel na werk
- kombuisware
- 1 x enkelbed (basis en matras)
- enige bedkassies, lessenaars, dus enige meubels in goeie toestand
- tuingereedskap

UITREIK

19. **GEBEDSGROEP VIR UITREIKE** – Kom bid saam vir die uitbreiding van God se koninkryk op aarde. Die groep vergader elke tweede Dinsdagaand in die konferensiekamer. Die volgende geleentheid is op **21 Februarie 2012** om **19:00.** Kontak Annette van Niekerk (012-548-1732 of 074-103-2049).

20. **VAARDIGHEIDSBEDIENING** – Die naaimasjiene is gediens en die huishulpe kan nie wag om te werk nie. Tans is ons besig om hulle te leer om die masjiene te bedraad en reguit te stik. Ons het op die oomblik 16 ingeskrewe huishulpe en weekliks kry ons nuwes by. Tans is ons net 2 dames wat hierby betrokke is en dis moeilik om almal te help. GROOT ASSEBLIEF, sien u nie dalk u weg oop om te kom help nie? Ons kom elke **Woensdag** van **14:00-16:00** in die konferensielokaal bymekaar. Kontak Martie Roome (083-412-8194).

21. **WESKOPPIES** – Daar is weer 'n uitreik na Weskoppies op **24 Februarie 2012.** Ons soek dringend mense wat kan saamgaan om te help bedien. Kontak Vera Richards (082-530-0954).

22. **SONOP –** Daar is weer 'n uitreik na Sonop se inwoners op **Saterdag 25 Februarie 2012** om **09:00**. Die Woord word bedien aan volwassenes en kinders, en kospakkies word uitgedeel. Kom raak asseblief betrokke – ons het u nodig. Kontak Johnny Greyvenstein (084-581-9522).

23. **MOSAMBIEK UITREIK 2012** – Beplanningsvergadering vir die jaar se uitreik na die Tchaque village. Almal wat belangstel om

saam te gaan of betrokke te raak kan die vergadering bywoon Sondag, **26 Februarie 2012**, direk na die gesinsdiens in die konferensiekamer. Die uitreik vind plaas in die Julie skoolvakansie. Kontak Harry Joubert (082-465-5043) oif Janine Joubert (083-225-7205).

24. **WOORD EN BROODBEDIENINGE** – Hierdie bedieninge is 'n interkerklike evangelisasie bediening aan behoeftiges en haweloses met uitreike na o.a. Jan Niemandpark, Sonop, Uncle Ben's Den en Kosmos.

    Johnny Greyvenstein (voorsitter) beplan om einde van die jaar na Danabaai (Mosselbaai omgewing) te verhuis en die bediening daarheen uit te brei. Sekere take moet so spoedig moontlik by hom kan oorgeneem word, bv. stoorruimte (gedeelte van motorhuis, ens.) vir ontvangs en verpakking van kruideniersware, hulp met aanry van kospakkies en verkondiging van die evangelie. Kontak Johnny Greyvenstein (084-581-9522) indien u betrokke wil raak.

NIE GEMEENTELIK

25. **ENKELLOPENDES NOORD** – Alle enkellopendes maar ook enige ander lidmate, word genooi om van **24-26 Februarie 2012** by NG Gemeente Montana, Veronicastraat te kom kampeer in tente of karavane op die kerkterrein. Die tema vir die naweek is "God in die Natuur en in die Diereryk" en die fliek "DIE SERENGETI" word op 'n grootskerm vertoon. Die gasspreker vir die naweek is ds. Danie van der Watt. Meer inligting is beskikbaar op die webblad www.ngmontana.co.za. Kontak Manja Viljoen (e-pos healthpainclinic@gmail.com, 082-342-4055) of Charlotte van der Walt (082-575-1698, e-pos charlottev08@gmail.com).

26. **VAKATURE HOOFBESTUURDER** – Die NG Barmhartigheidsdiens van Sinode Hoëveld (Suid-Transvaal) het 'n pos vir 'n gekwalifiseerde persoon om saam met die uitvoerende bestuur die sukses van die barmhartigheidsdiens in Suid-Transvaal te verseker. 'n Sterk finansiële agtergrond is 'n vereiste en bestuurservaring en kennis van die werking van kerklike strukture in die NG Kerk is 'n aanbeveling. Kontak Frans Swanepoel by skdbstvl@mweb.co.za vir 'n presiese omskrywing van verantwoordelikhede en salarisstruktuur. Aansoeke sluit **29 Februarie 2012**.

27. **VEG OF VLUG** – Dr. Annelize Endres, 'n pastorale terapeut, bied op **13 April 2012** van **17:00-20:30** en op **14 April** van **09:00-18:00** 'n seminaar aan vir vroue wat verwond is deur hul geliefdes se optrede. Die kostes is R480 en sluit verversings een een middagete in, geen verblyf nie. Kontak Wannie Alers (082-828-5754) vir besprekings en navrae oor verblyf. Rig e-posnavrae aan aendres@intekom.co.za. Sluitingsdatum is 5 April 2012.

28. **HUIS HERMON FONDSINSAMELING** – 'n Fondsinsameling vir Huis Hermon, 'n tehuis vir verswakte bejaardes, terminale en Alzheimer pasiënte, word beplan vir Mei 2012. Borgskappe om hierdie fondsinsameling moontlik te maak, word dringend benodig om die koste van die funksie te dra. Kontak Ilse Haasbroek (012-546-6688/082-887-2056) of per e-pos by ilse@fluxmail.co.za.

LIDMATE 85 JAAR EN OUER

Bessie Lerm word vandag 92 jaar oud; Piet Snyman word op 21 Februarie 86 jaar oud; Vi Stander word op 21 Februarie 93 jaar oud; en Bessie Keet word op 22 Februarie 92 jaar oud.
Ons wens hulle 'n geseënde lewensjaar en goeie gesondheid toe.

IN MEMORIAM

Sienè Smal is op 11 Februarie 2012 oorlede. Sy was woonagtig in die Renaissance.
Haar begrafnis was reeds op 15 Februarie 2012.
Ons bid haar familie en vriende die troos van die Here toe.

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE
VRYDAG 2 MAART 2012

Almal is welkom!

***PLEK**: Hier in ons eie kerkgebou (NG Magalieskruin-Pretoria)*
***TYD**: 10:00*
***TEMA**: "Leef regverdig – doen wat reg is!"*
***SPREKER**: Ds. Elsje Büchner*

Kom geniet 'n koppie tee na die tyd in die saal